

8

Geel Gerda

Vorms en kleure in my gemeenskap

Gerda is lief vir geel.

Toe Mamma vra: "Wat wil jy vir aandete hê?"
antwoord Gerda: "Geelrys, asseblief."

Toe Pappa sê: "Wat gaan jy drink?"
antwoord Gerda: "Geel melk, asseblief."

Toe Ouma skryf: "Wat kan ek vir jou brei?"
skryf Gerda terug: "'n Geel serp, asseblief."

“Kom verf my pophuis, Geel Gerda,” sê Linda, haar beste vriendin.

Linda sê: “Die slaapkamer moet groen wees.”
Hulle verf die slaapkamer groen.
Oeps!

Linda sê: “’n Oranje kombuis asseblief.”
Hulle verf die kombuis oranje.
O, land!

Linda sê: “’n Blou badkamer, asseblief.”
Hulle verf die badkamer blou.
Gits!

Gerda wil huil. Haar lieflike geel oorpak is gerunieer.
“Moenie huil nie,” sê Linda, “kom kyk!”
Gerda kyk na haarself in die spieël.
Haar oorpak is pragtig.
“Weg met Geel Gerda,” sê Linda.
“Van nou af is jy Gerda Reënboog!”

“Ek stem saam!” sê Gerda.